DIE LOOT

NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK BELLVILLE

Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie. *Johannes 15:5*

26 Augustus 2018
NAGMAAL

1. EREDIENSINLIGTING

Oggend	**Ds. C.C.A. Vrey**	**Aand**	**Ds. C.C.A. Vrey**
Sing vooraf	Sb. 2-1: 1, 2 (19)	Sing vooraf	Ps. 33: 1, 11
Sing	Ps. 65: 2, 3	Sing	Ps. 66: 1, 7
	Sb. 2-1: 3 - 5 (19)		Ps. 147: 1, 2
	Sb. 2-1: 6, 7 (19)		Ps. 134: 4
	Ps. 84: 1, 2		Ps. 147: 4, 7
	Sb. 11-1 (aan tafel) (22)		
	Sb. 18-7 (met terugbeweeg) (45)		
	Ps. 131: 1 - 3		
Skriflesing	Lukas 15:1-2, 11-32	Skriflesing	Psalm 147
Teks	Lukas 15:32	Teks	Psalm 147:1
Tema	**Wat dit beteken om regtig lewendig te wees vir God**	Tema	**Prys die Here – Hy is groot en genadig!**

2. ALGEMENE KERKNUUS

BYBELPLASINGSTOER NA MALAWI

Die Deputate Jeugsorg bied ‘n Bybelplasingstoer na Malawi vir hoërskoolleerders en studente. Dit vind plaas van 23 Junie tot 4 Julie 2019. Beperkte plekke is beskikbaar en inskrywings sluit Februarie 2019. Meer inligting is op die kennisgewingsborde by die deure beskikbaar.

3. GEMEENTENUUS EN –AKTIWITEITE

BASAAR

Die basaarkomitee wil graag **Saterdag, 8 September** die stoorkamer uitsorteer en regpak. Enige hulp sal baie waardeer word – vele hande maak ligte werk! **Ons begin om 08h30**.

Basaar Koördineerders

Boeke & Tydskrifte	Ben Groot
Boereworsrolle & Koeldranke	Ludwig Venter
Deli	Adriaan Louw
Eko-klub	Tommie Venter
Groente & Vrugte	Gert Mulder
Handwerk/Vintage/Speelgoed	Tillie Wüst
Jaffles	Juliët van Wijk
Speletjies	Lydia Uys
Koek & Gebak	Rea Costerus
Konfyt	Marie Mulder
Pannekoek	Natasja Jacobs
Plante	Lizette Opperman
Poeding	Marietjie Kruger
Teetuin	Jacqueline Meijering
Wit olifant	Piet Reyneke
2de Handse Klere	Nicolette Costerus

Kontak gerus die koördineerder vir navrae of indien jy betrokke wil raak by ‘n stalletjie. Daar is ook plakkate met meer inligting in die teedrinklokaal. Gaan kyk asseblief watter hulp elke stalletjie benodig en bied gerus jou hulp en talente aan. Kom kuier so werk-werk saam met die koördineerders en leer jou mede-lidmate beter ken op ‘n lekker informele manier.

Donasies vir die basaar kan in die konsistorie geplaas word. Geldelike donasies kan u in ‘n gemerkte koevert in die Kassiere kissie plaas of per EFT na die kerk se bankrekening oorbetaal met die verwysing Basaar. Baie dankie!

Ons versoek vriendelik dat u asseblief nie vooraf van die geskenkde items sal neem of koop nie. Kom gerus vroeg op Basaar-dag en verseker so dat u die item kan aankoop!

BYBELSTUDIE

Bellville (Afrikaans): Dinsdag om 09h30 en 19h00 in die konsistorie
Bybelstudie vir mamma’s - Woensdag 09h30 (kontak sr. Sanet van Hoving)

EKSAMEN

Baie sterkte aan alle skoliere en studente wat toetsreekse en eksamens skryf. Mag die Here julle harde werk en voorbereiding seën!

GELUKWENSING

- Ons dank God vir die genade van ‘n nuwe kleinkind vir br. Gert en sr. Marie Mulder
- Br. David en sr. Yolandé Myburgh is gister in die huwelik bevestig. Ons bede is dat God jul huwelik ryklik mag seën!

GEMEENTEKALENDER 2019

Alle datums vir 2019 moet asseblief teen **Sondag, 16 September** by die kerkkantoor op die proefkalender aangeteken word.

GEMEENTEKAMP

Ons gemeentekamp vind DV plaas by **Mizpah** (naby Grabouw) van **Vrydag, 28 September tot Sondag, 30 September**. Alle maaltye word voorsien, slaapplek is in huisies met ‘n badkamer en gesinne betaal slegs vir volwassenes en die oudste 2 kinders. Skryf asseblief u naam op die lys in die teedrinklokaal indien u die kamp wil bywoon. Dit is voorwaar ‘n geleentheid wat u nie wil misloop nie en beperkte plekke is beskikbaar! Betalings kan per EFT met die verwysing KAMP+naam gedoen word of plaas kontant in ‘n gemerkte koevert in die Kassiere kissie.
Kontakpersone: br. Jaco en sr. Willina Cilliers

Koste:	Volwassene	R350
	Kinders 6-16 jaar	R200
	Kinders 2-6 jaar	R50
	Kinders onder 2 jaar kom gratis	

GKSA NUUSBROKKIES

Ons ontvang weekliks nuusbrokkies vanaf die Admin Buro met inligting en gebeure van al die gemeentes in die GKSA. Indien u sou belang stel om dit ook per e-pos te ontvang, skryf asseblief u naam op die lys in die teedrinklokaal. Daar is voorbeelde aangebring vir u insae.

HUISBESOEK

Wyk **Stellenryk** (oudl. Berend Meijering) ontvang hierdie week huisbesoek deur ons leraar.

KIERIEKLUB

Aangesien daar baie belangstelling getoon is om die Kierieklub te laat herleef, rig ons hiermee 'n uitnodiging aan alle herlewendes! Kom stap saam op **3 September** langs 'n 18 km roete in die **Koeberg Natuurreservaat**. Dis nou blomtyd ook in die pragtige Weskus Duineveld. Ons stap meestal op hardegrond maar ook deels langs die see in sandveld. Bring genoeg water en eetgoed saam. Ons kom om 07h00 voor Koeberg se hoofweg langs die R27 bymekaar. Die motors word binne geparkeer. Kontakpersoon: br. Peet van der Walt

KLIPPIES

Die laerskool leerders kom DV **Vrydag, 14 September** vanaf 18h00 tot 20h00 op die kerkterrein bymekaar. Kontakpersoon: sr. Debbie Daling

KREATIEWE KORALE (Hekel-en-Brei)

Die Kreatiewe Korale (voorheen bekend as die hekel-en-brei groepie) kom weer **Donderdag, 6 September** van 19h00 tot 21h00 bymekaar in die konsistorie. Ons nooi graag alle lidmate om **enige kreatiewe projek** te bring en saam te kom kuier. Kontakpersoon: sr. Emzy Venter

MEELEWING

Ons bid die seën van die Here toe vir:

- Br. Freddie Scheepers wat met kanker gediagnoseer is.

NUUS VANUIT RONDEBOSCH-WYK

Praise: For the generous support of RCSS by local and overseas donors so far this year
Prayer: For the ongoing work of liturgical deputies (of which Rev. Simon Jooste is one) in working toward an English-medium Psalter-hymnal for English-medium church plants in South Africa. Rev. Simon Jooste attended the latest meeting toward this end this weekend.

REFORMASIE KONFERENSIE 2018

‘n Opname van die Reformasie Konferensie van die afgelope week is op ons gemeente se webblad beskikbaar.

OMGEWINGSAKE

Die jarelange oorbenutting van ons vele hardehoutsoorte vir huisbou, meubels, verfraaiing en braaihout doeleindes, het ons boomtrots so verskraal dat plastiekhout, aangeplante en ingevoerde uitheemses al meer in ons voorhowe as planke moet diens doen. Soos die Libanon se sederbome wat in die Bybel as konings van die berge besing word, so bedwelm vele van ons gevalle seders se wierookgeur nie meer ons voorkamers en kampvure nie. Bykans 60 van ons inheemse hout-agtiges voed byvoorbeeld maandeliks ons braaihoutbedryf landswyd met ‘n beraamde 5 000 metrieke ton hout en houtskool. Hierdie besondere druk op ons skildermooie dikbas-sierade is ooglopend nie volhoubaar nie. Dus gebruik net genoeg hout!

Geplant in die huis van die Here, sal hulle groei in die voorhowe van onse God
Psalm 92:14

SANDJIES

Die Sandjies kom DV **Saterdag, 1 September om 10h00** bymekaar op die kerkterrein. Ons gaan lekker saam speel en meer leer oor die Barmhartige Samaritaan. Ons nooi al die kleuters uit om te kom deelneem aan die pret! Kontakpersoon: sr. Willina Cilliers

SMULFEES

Die Susters nooi u hartlik uit na die jaarlikse Smulfees op DV **Vrydag, 7 September** om **18h30** . Hierdie jaar is ons tema **Liplekker-Lemoene**! Skryf asseblief u naam op die lys in die teedrink-lokaal teen Sondag, 2 September indien u die geleentheid wil bywoon. Daar sal weer ‘n oppas-diens in die kerkhuis beskikbaar wees. Die koste verbonde is **R60 per persoon en R25 per kind (onder 10 jaar)**. Betalings kan per EFT gedoen word (met die verwysing SMUL+naam) of gee die kontant in ‘n gemerkte koevert vir sr. Margarita van Niekerk
Kontakpersoon: sr. Tillie Wüst

4. SUSTERS

BESTUURSVERKIESING

Die verkiesing van die Sustersbestuur vir 2019 vind tydens die komende vergadering plaas. Nominasievorms is by die deure en op die Susters aansteekbord beskikbaar. U word vriendelik versoek om betyds kandidate te nomineer (met hul medewete en instemming) en om ook ‘n sekondant te verkry. Nominasievorms moet teen die aanvang van die vergadering ingehandig wees. Indien u geroepe voel om op hierdie wyse diensbaar te wees in die gemeente, kontak gerus vir sr. Judy Venter.

EMBLEEM VIR DIE SUSTERS

Die keuse van ‘n embleem het op ‘n staking van stemme geëindig. Die bestuur het dit goed-gedink om weer ‘n uitnodiging te rig aan alle lidmate om jul ontwerp(e) vir ‘n embleem voor te lê. Die tema: **Omgee**, gebaseer op Johannes 14:20-21: “... weet dat Ek in my Vader is, en julle in My, en Ek in julle. ... en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar.” **Die sluitingsdatum is Woensdag, 12 September**. Gee die ontwerpe asseblief ná die oggenderediens aan srs. Judy Venter of Deléne Vrey of stuur dit per e-pos aan judy.venter@mweb.co.za

KOMBUIS

Daar is heelwat breekware en ander items in die kombuis wat al ‘n geruime tyd daar staan. Alle items wat nie binnekort opgeëis word nie, sal aan die basaar geskenk word. Gaan kyk asseblief of daar van jou besittings is!

TEESKINKBEURTE

Vandag – Nagmaal: *Geen tee/koffie* Alle susters word vriendelik versoek om te help opruim in die kombuis na afloop van die gemeente-ete
Volgende Sondag: Srs. **Emzy Venter**, Antoinette Douglas, Elrika du Toit, Marietjie Myburg, Sanet van Hoving, Hita van Wyk, Georgene van Zyl, Linda van Zyl

VERGADERING

U word hartlik uitgenooi na die vergadering **eerskomende Woensdag om 19h00**. Koffie, tee en verversings word reeds vanaf 18h30 bedien. Christy Munro lewer ‘n kort praatjie oor **Minimale vermorsing en plastiek besoedeling**, waarna ons voortgaan met die vergadering en bestuursverkiesing.

5. VAN DIE KERKRAADSTAFEL

DIENSBEURTE VIR OUDERLINGE EN DIAKENS

Diakens

Vandag: Brs. Piet Reyneke, Mannes Nijeboer, Riaan Janse van Rensburg, **Martin van der Walt**
Volgende week: Brs. Lawrence Lombard, Piet Reyneke, Dewald Costerus, Cobus du Plessis

Ouderlinge

Vandag: Brs. Berend Meijering, Arno Loots, Jacobus Venter, Jakobus Wüst
Volgende week: Brs. Jaco Cilliers, Elzar Wendt, Johan Snyman

Diensbeurte in Rondebosch (ouderling en diaken)

Vandag: Brs. Peet van der Walt, Willie Swanepoel
Volgende week: Brs. Harm du Plessis, Albert Mulder

KOLLEKTE	**Vandag:**	**Volgende Sondag:**
Onder die erediens:	Diakonale Kas	Diakonale Kas
By die deure:	Instandhouding van eiendomme	Bybelverspreiding

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT

Augustus: 27/08 Stellenryk
September: 03/09 Oak Glen, 17/09 Goedemoed
Oktober: 15/10 Chrismar, 29/10 Langeberg Ridge

NAGMAAL

Ons gemeente vier vanoggend die sakrament van die Heilige Nagmaal.
Rakende die Nagmaalviering die volgende: Die Gereformeerde Leer vereis dat daar toesig gehou word oor almal wat aan die Nagmaal deelneem. Die Here vereis van die kerkraad om te sorg dat die tafel van die Here heilig gehou word. Die kerkraad moet hulle dus voor die Here kan verantwoord oor die leer en lewe van elke deelnemer aan die Nagmaal. Enige persoon wat nie ‘n belydende lidmaat van die Gereformeerde Kerk Bellville is nie en wat wil deelneem aan ‘n Nagmaalviering in die GK Bellville, moet dus ‘n getuienis inlewer van die kerk waar hy/sy vandaan kom. In hierdie getuienis moet sy/haar kerk baie duidelik aantoon dat hierdie persoon suiwer is in leer en lewe en dat hulle inderdaad aanbeveel dat so ‘n persoon saam met ons Nagmaal vier. Gevolglik kan lidmate van enige kerk wat nie saamstem met die leer en die sakramentsbeskouing van die GKSA nie, ook nie tot die Nagmaaltafel toegelaat word nie.

Gemeente-ete

Almal word hartlik uitgenooi na die gemeente-ete. Elke gesin bring asseblief ‘n vleisgereg, slaai en nagereg (maak asseblief ‘n bietjie meer as wat u normaalweg vir uself sou maak). Die tafelgebed word om 12h00 gedoen.

VERGADERINGS

Susters

Woensdag om 19h00 in die konsistorie

6. VERJAARSDAE

Baie geluk aan al ons lidmate wat hierdie week verjaar. 'n Geseënde nuwe lewensjaar word u toegebid.

Ons wil graag ook spesiaal vir **sr. Sophie Vorster** gelukwens met haar **86ste** verjaarsdag!

Vandag	Br. Willie Swanepoel Sr. Sophie Vorster Sr. Tillie Wüst
27/08	Andrew Jooste (12 jaar) Leah Kemp (4 jaar)
30/08	Sr. Magda Groot Br. Pieter Uys
31/08	Sr. Lena Flint Sr. Arlene van Tonder
01/09	Sr. Rea Costerus Br. Ludwig Venter

U beskerm dié wat u Naam liefhet, en hulle juig oor U. *Psalm 5:12*

7. KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Bellville		
Broadway 6, Bellville, 7530		Posbus 5009, Bellville, 7535
E-pos: gkbellville@mwebbiz.co.za		Tel: 021 945 1515 Faks: 086 465 4609
Kerkkantoor: Dinsdae 09h00 - 12h30		
Predikant	Ds. Coen Vrey	082 808 4432
Kerkplanter	Dr. Simon Jooste https://rcsasouthernsuburbs.com/	083 973 5818
Skriba	Oudl. Jacobus Venter skriba.gkbellville@gmail.com	083 291 7603
Admin Beampte	Sr. Willina Cilliers	082 738 1809
Koster	Br. Piet Reyneke	072 218 9988
Orrelis	Sr. Etresia Hendricks	084 472 4648
Kassiere	Sr. Yolandi Taljaard kassier.gkbellville@gmail.com	082 555 3380
Gereformeerde Kerk Bellville, ABSA, Santyger, Takkode 632 005 Tjek rek 340 340 205		
Taalversorging van preke	Sr. Geert van Jaarsveld	
Vertalers	Brs. Willem de Haan en Freddie Scheepers	
Webmeester	Br. Ben van der Walt	021 903 1505
Regstreekse erediens uitsending	http://kerkdienstgemist.nl/assets/462806	
www.gkbellville.org	https://www.facebook.com/gk.bellville	

Berigte vir Die Loot moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za